Laerskool Dr. Havinga

Waardegedrewe Innoverend Toekomsgerig

Andries Pretoriusstraat 29, Witpoortjie, 1724 * Posbus 3010, Witbeeck, 1729* Tel: (011)769-1670*
Faks: (011)762-3493 * www.drhavinga.co.za * admin@drhavinga.co.za

25 Mei 2021

Liewe Ouers

GRONDSLAGFASE ASSESSERING

Die skool is goed aan die gang en die tweede kwartaal vorder baie mooi ten spyte van al die uitdagings. In die Grondslagfase vind assessering deurlopend plaas. Wanneer konsepte in die klas aangeleer, ingeoefen en afgehandel is, vind daar assessering plaas.

Hiermee saam ontvang u kind 'n assesseringsplan wat vir u 'n aanduiding sal gee van wanneer die assessering plaasvind. U kind hoef nie hiervoor te leer nie! Daar is uitsonderlike geleenthede waar ons van die kinders verwag om bv. 'n Gediggie aan te leer of spelling te leer vir die assessering, maar lees en speloefening behoort elke dag 'n baie belangrike deel van elke leerder se huiswerk uit te maak. U as ouers moet asseblief ons hande hiermee versterk deur seker te maak u kind oefen die spelwoorde en lesse van die week baie goed tuis. Alle werk wat geleer of spesiaal geoefen moet word vir assessering sal betyds aan u as ouer gekommunikeer word.

Die slaagvereistes vir alle leerders in die Grondslagfase is deurlopend dieselfde :

'n Leerder moet 'n minimum behaal van :

Afrikaans Huistaal : 4 (50% - 59 %) of meer

Engels Tweede Taal : 3 (40% - 49%) of meer

Wiskunde : 3 (40% - 49%) of meer

Lewensvaardighede : 3 (40% - 49%) of meer

Indien 'n leerder nie die minimum vereistes behaal in Afrikaans, Engels of Wiskunde nie word hul gereken as 'n leerder in gevaar om die jaar te herhaal. Dit is baie belangrik dat u as ouers deurlopend weet waar u kind se swak punte lê en dat ons as 'n span kan saamwerk om hierdie swak punte te verbeter en sodoende die beste uit ons leerders te haal. Die personeel sal deurlopend met u kommunikeer as daar uitvalle is. Dit staan u ook vry om die personeel enige tyd te kontak om te hoor hoe dit gaan met u kind se assessering.

Daar is weekliks RO klasse in al drie grade beskikbaar vir leerders wat uitvalle toon. Indien u kind geidentifiseer word, doen ons 'n ernstige beroep op u as ouer om toe te sien dat u kind hiervoor sal opdaag. Dit is gratis en word deur ons eie gekwalifiseerde personeel aangebied om te verseker dat u kind net die beste hulp kan ontvang maak gebruik van hierdie geleentheid as dit u kind te beurt val.

Neem gerus die vrymoedigheid om die skool te kontak as daar enige iets is waarmee ons en u kind kan help in akademiese verband.

Vriendelike Groete

Me. L. Kies
Departementshoof Grondslagfase

Mnr. M. Swanepoel
Hoof